

Benedict Osei-Owusu

Promotor: Prof Waghid

Demokratiese burgerskapsopvoeding in Ghana: Implikasies vir onderrig en leer in Ashanti skole

Hierdie navorsing het ten doel gehad om die implikasies van demokratiese burgerskapsopvoeding (DBO) en die uitwerking daarvan op onderrig en leer in basiese onderwys in die Ashanti-streek in Ghana te ondersoek. Tydens hierdie navorsing is 'n interpretatiewe onderwysteorie as navorsingsmetodologie gebruik asook drie ander ondersoekmetodes, naamlik dekonstruktiewe, konseptuele en narratiewe analise. Onderwysfilosofie is as hoofbenadering gebruik tydens die navorsing. Die menings van filosowe soos Callan, Gutmann, Benhabib, Young, Nussbaum, Appiah, Wiredu en Gyekye, oor DBO-beginsels is bespreek met inagneming van die eiesoortigheid daarvan in Afrika en hoe hulle saamval met Westerse opvattinge oor DBO. Ek het bevind dat liberale DBO in Ghanese basiese onderwys onvoldoende is aangesien dit verwronge sienings van deelname, deliberasie en behoort-aan bied, en beperktheid toon wat betref die konseptualisering van DBO as gevolg van die nasionalistiese benadering wat opvoeding beperk tot nasionale ontwikkeling en humanistiese gesindhede afskeep. Dit is inderdaad deur hierdie betrokkenheid dat burgers begrip vir mekaar ontwikkel, hulle misverstande en wanopvattinge erken, en op die hoogte kom van dinge waarmee hulle tot op daardie stadium nie bekend was nie. In die lig van bostaande bevindings beveel ek aan dat DBO-in-wording leerders en onderwysers moontlik daartoe in staat kan stel om op outonome wyse te dink en ander, met wie die leerders mede-behoort, te respekteer. Daarbenewens kan DBO-in-wording 'n sterk samelewing bou deur burgerlike betrokkenheid wat 'n maatskaplike struktuur vir interaksie en demokratiese voorspraak, deursigtigheid en openheid kan skep wanneer spanning, wat uit die politieke, etniese, maatskaplike, religieuse en ekonomiese lewe voortspruit, die hoof gebied moet word.